

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**KODE VIR NAVORSINGSETIEK**

## **INHOUDSOPGAWE**

### **A. DEFINISIES**

### **B. AANHEF**

### **C. SLEUTELWAARDES**

#### **1. Die regte van die navorsers**

- 1.1 Akademiese vryheid
- 1.2 Navorsingsomgewing
- 1.3 Fasiliteite, dienste en ander hulpbronne

#### **2. Die verantwoordelikhede van navorsers**

- 2.1 Sosiale verantwoordelikheid
- 2.2 Geregtigheid
- 2.3 Welwillendheid
- 2.4 Respek vir individue
- 2.5 Professionaliteit
- 2.6 Weerhouding van diskriminasie
- 2.7 Weerhouding van die misbruik van toesighoudende gesag
- 2.8 Weerhouding va sekuele teistering

### **D. TOEPASSING VAN DIE SLEUTELWAARDES**

#### **1. Navorsers en die Suid-Afrikaanse samelewing**

- 1.1 Die Suid-Afrikaanse gemeenskap
- 1.2 Die regering van die dag
- 1.3 Die omgewing

#### **2. Navorsers en kliënte of befonders van navorsing**

- 2.1 Konflik van belang
- 2.2 Vertroulikheid van navorsingsresultate
- 2.3 Finansiële verpligtinge
- 2.4 Toerustingbeheer
- 2.5 Fondse vir nuwe navoringsrigtings

#### **3. Navorsers, die Universiteit en die breë wetenskaplike gemeenskap**

- 3.1 Algemene gedrag
- 3.2 Akademiese wangedrag
- 3.3 Konflik van belang of verbintenis
- 3.4 Intellektuele goedere

#### **4. Navorsers en hul kollegas of medewerkers**

- 4.1 Outeurskap
- 4.2 Keuse van navorsingsvennote
- 4.3 Hulp met die navorsing van ander
- 4.4 Gesondheid en veiligheid

**5. Navorsers en studente onder hul toesig**

- 5.1 Toesig oor studente se akademiese werk
- 5.2 Opleiding van nagraadse studente in navorsingsetiek en –integriteit

**6. Navorsers en menslike deelname aan navorsing**

- 6.1 Basiese beginsels
- 6.2 Toepassing van die beginsels

**7. Navorsers en diere wat in navorsing gebruik word**

- 7.1 Basiese beginsels
- 7.2 Toepassing van die beginsels

**ONDERLIGGENDE BEGINSELS****Belang van die Kode**

Die Universiteit van Pretoria plaas 'n besondere hoë prioriteit op navorsing as een van die belangrikste bydraes wat dit tot die Suid-Afrikaanse samelewing en tot die internasionale gemeenskap maak. Die Universiteit streef hierin na 'n naversingetos wat uitsonderlik kundighed sowel as etiese verantwoordelikeheid bevorder in die soeke na kennis en die ontwikkeling, bewaring en oordrag daarvan.

Daar word dus verwag dat alle personeel en studente aan die Universiteit van Pretoria, soos uitnemende navorsers regoor die wêreld, altyd die hoogste standaarde vna uitnemendheid en moraliteit in enige navorsingsaktiwiteite sal nastreef. Die Kode vir Navorsingsetiek dien as belangrike riglyn om UP-navorsers te inspirer om hoë etiese standaarde in alle navorsingsaktiwiteite aan die Universiteit te handhaaf.

**Fokus van die Kode**

Die kode identifiseer sleutelwaardes wat die etos waarna die Universiteit streef, kenmerk. Dit lig hiervoor die regte en verantwoordelikhede van navorsers uit wat behoort te geld in die verskillende verhoudings wat hulle binne die navorsingsomgewing teëkom.

Dit wys ook op die strewe om binne die navorsingsmilieu onaanvaarbare praktyke soos die misbruik van mag binne studieleiding-omgewing, diskriminasie en sekuele teistering uit te wis.

### **Sleutelwaardes: Die Regte van UP-Navorsers**

Veral die volgende basiese regte van navorsers word erken en sover moontlik bevorder met die doel om 'n omgewing te skep waarin navorsing floreer en hoë-kwaliteit navorsingsuitsette bevorder kan word:

- Akademiese vryheid
- Die beskikbaarheid van 'n koesterende navorsingsomgewing met doeltreffende beleidsrigtings, bestuur, strukture, ondersteuningsdienste en programme wat navorsing bevorder
- Die gebruik van Universiteitsfasiliteite, -dienste en -hulpbronne vir navorsing.

### **Sleutelwaardes: Die verantwoordelikhede van UP-Navorsers**

Navorsers aan die Universiteit het die volgende verantwoordelikhede:

- *Sosiale verantwoordelikheid*, waardeur navorser die verantwoordelikheid aanvaar om waar moontlik deur navorsing en tegnologiese ontwikkeling die dringende probleme in die breër Suid-Afrikaanse gemeenskappe aan te spreek.
- *Geregtigheid*, waardeur navorsers die verantwoordelikheid aanvaar om alle individue en instansies betrokke by die navorsingsproses, regverdig te behandel.
- *Respek vir die individue*, waar die fokus geplaas word op die interaksie tussen die navorser en alle mense wat hy/sy mee te doen mag kry tydens die navorsingsproses. Daar word van die navorser verwag om alle individue se waardigheid en outonomie te erken, en menslikheid sowel as die vryheid van keuse in die situasie te handhaaf.
- *Professionaliteit*, waardeur erken word dat navorsers deel is van 'n spesifieke professie en daarom professionele verantwoordelikhede soos integriteit, kwaliteit en toerekenbaarheid moet vertoon.

### **Die Toepassing van die Sleutelwaardes**

Hierdie sleutelwaardes is van toepassing op die verskillende verhoudings waarmee navorsers tydens hul navorsing te doen mag kry. Dit sluit in hul verhouding met:

- die Suid-Afrikaanse samelewing
- die kliënte en befonders van navorsing
- die Universiteit en die breër wetenskaplike gemeenskap
- kollegas en medewerkers
- studente
- menslike deelnemers aan hul navorsing
- diere wat in hul navorsing gebruik word.

**Die toepassing van die Kode**

Daar word verwag dat elke personeelid en student van die Universiteit van Pretoria betrokke by navorsing, hulself van die begin af van hierdie Kode sal vergewis, en sal onderneem om die beginsels wat daarin vervat is, te onderskryf en toe te pas in al hul navorsingsaktiwiteite.

## DIE KODE VIR NAVORSINGSETIEK

### A. DEFINISIES

**Akademiese vryheid:** Die erkenning van die reg tot akademiese vryheid by die Universiteit behels die volledige beskerming van vryheid van ondersoek, denke, uitdrukking, die publikasie van resultate en onverdraagsaamheid en van interne of eksterne dwang. Verbondenheid aan die Universiteit van Pretoria mag nie 'n individu se grondwetlike regte aantas nie.

**Akademiese wangedrag:** Hierdie begrip moet veral beskou word binne die raamwerk van die Statuut van die Universiteit se omskrywing van wangedrag. In die navorsingsomgewing behels dit enige praktyk wat ernstig afwyk van wat algemeen binne die wetenskaplike gemeenskap aanvaar word in die voorlegging, uitvoering en rapportering van navorsing.

**Befonders van navorsing:** Instelling of individue wat navorsing deels of volledig finansiëel ondersteun.

**Besigheid:** Sluit in enige slefstandige individu, alleenreg, korporasie, vennootskap, firma, onderneming, assosiasie, organisasie, houermaatskappy, gesamentlike aandele-maatskappy, trust, of enige regspersoon waardeur besigheid vir wins beoefen word.

**Beperkte privaatpraktyk:** Die lewering van 'n professionele diens in eie naam deur 'n professionele-geregistreerde personeellid volgens die bepalings in die Reglement vir Beperkte Privaatpraktyk van die Universiteit.

**Buitewerk:** Werk wat personeellede met of sonder vergoeding buite die universiteitstaak en addisioneel tot die werksweek verrig, wat nie deel is van die loop en bestek van hul diens aan die Universiteit nie, en waarvoor hulle toestemming het om dit te doen volgens die Reglement op Buitewerk van die Universiteit.

**Diere-eksperimente:** Enige prosedure wat die gebruik van lewende diere insluit met die doel om 'n hipotese te toets, inligting te versamel, kennis te bevorder, oor te dra of te demonstreer, 'n produk te toets of te versamel, of om die uitwerking van 'n sekere prosedure op diere te registreer.

**Eksperimentele diere:** Enige lewende nie-menslike vertebrat, nie-menslike fetus van 'n vertebrat, of enige ander spesies wat na die mening van die betrokke Etiese Komitee 'n senuweestelsel het wat so gefoetiseer is dat dit pyn kan ervaar op dieselfde wyse as wat 'n vertebrat dit ervaar.

**Eksterne aktiwiteite:** Alle professionele aktiwiteite bedryf deur 'n personeellid wat optree as 'n konsultant (sien definisie hieronder) en sluit in buitewerk en

beperkte privaatpraktyk soos in die betrokke Universiteitsreglemente gedefinieer. Kontrakwerk word by hierdie definisie uitgesluit, aangesien dit deel van die navorser se diensbestek is.

**Familie:** Dit sluit in enige persoon wat 'n eggenoot/ eggenote is of in 'n gebruikelike verhouding tot die werknemer staan, of wat 'n ouer, kind, stiefouer, stiefkind, skoonmoeder of skoonvader, skoonseun of skoonogter, grootouer of kleinking van 'n werknemer of lig van 'n werknemer se uitgebreide familie.

**Geskenk:** Enigiet van waarde wat ontvang word en beskou kan word as meer as billike vergoeding vir dienste gelewer.

**Integriteit:** Die konsekwente handhawing van etiese waardes in alle woorde en gedrag.

**Konflik van belange:** Die bestaan wanneer die individu se private of persoonlike belange en professionele verpligtinge tot so 'n mate uiteenloop dat 'n onafhanklike waarnemer daarvoor mag twyfel of die individu se professionele handeling deur persoonlike oorwegings – finansiële of andersins – beïnvloed word al dan nie.

**Konsultant:** 'n Personeelid van die Universiteit wat teen betaling advies in sy/haar professionele veld aan 'n buite-individu, -groep of -instansie verleen.

**Kontraknavorsing:** Alle navorsingsprojekte wat vir buite-instansies gedoen word en wat beskou word as deel van die navorsers se diensbestek volgens die bepalinge in die Reglement oor Kontrakwerk van die Universiteit.

**Menslike deelnemer aan navorsing:** 'n Lewende individu oor wie die navorser wat navorsing doen, (a) data deur intervensie of interaksie met die individu versamel, of (b) identifiseerbare private inligting verkry. “Intervensie” sluit in beide fisiese prosedures waarderu inligting vergader word, en manipulasie van die deelnemer of die deelnemer se omgewing vir navoersingdoeleindes. “Interaksie” sluit in kommunikasie of interpersoonlike kontak wat plaasvind tussen die navorser en die deelnemer. “Private inligting” sluit in inligting oor gedrag wat plaasvind in 'n konteks waarbinne 'n individu geredelik kan verwag dat geen waarneming of opnem besig is om plaas te vind nie, en inligting wat vir spesifieke doeleindes deur 'n individu verskaf is en waarvan die individu geredelik kan verwag dat dit nie openbaar gemaak sal word nie. Private inligting moet individueel identifiseerbaar wees (dit is, die identiteit van die deelnemer is bepaalbaar of kan geredelik bepaal word deur die navorser of kan geassosieer word met die inligting) ten einde inligting te verkry wat as navorsing op menslike deelnemers gereken kan word.

**Minimale risiko:** Wanneer die risiko van skade wat verwag word in die voorgestelde navorsing nie groter is, gegewe waarskynlikheid en omvang, as die risiko wat normaalweg in die daaglikse lewe of gedurende die uitvoering van

roetinge fisiese en sielkundige ondersoek of toetse teëgekem sou word nie.

**Navorsing / navorsingsaktiwiteit:** Enige sistematiese ondersoek gerig op die ontwikkeling van, of bydrae tot, veralgemeenbare kennis. Aktiwiteite wat aan hierdie vereistes voldone, word beskou as navorsing, ongeag of dit normaalweg as “ontwikkeling”, “demonstrasie”, “onderrig”, of deur 'n ander term beskryf word.

**Navorsers:** In die konteks van hierdie Kode sluit dit in enige voltydse of deeltydse personeelid, of voor of nagraadse studente van die Universiteit van Pretoria wat aan enige navorsingsaktiwiteit deelneem.

**Oop akademiese omgewing:** 'n Akademiese omgewing wat 'n navorsers die vryheid gee om kennis na te streef en inligting en resultate met ander te deel. Dit verseker dat studente sover moontlik, met inagneming van etiese riglyne en die regte van almal betrokke, onbeperkte blootstelling aan idees en data het, en sover moontlik, onbeperkte geleenthede kry om by navorsing betrokke te raak en resultate te publiseer.

**Outeursreg:** Die eienaarskap en beheer van intellektuele goedere in oorspronklike werke wat onderworpe is aan die Wet op Outeursreg, Wet 98 van 1978. Dit bestaan in oorspronklike werke van outeurskap wat vasgelê is in 'n tasbare vorm van uitdrukking waarvandaan dit beskou, gereproduseer of andersins gekommunikeer kan word, hetsy direk of met behulp van 'n masjien of toestel.

**Outonome/ toerekeningsvatbare persoon:** 'n Individu wat in staat is om te besin oor sy/haar persoonlike belange en om te handel op grond van hierdie oorwegings.

**Personeellid:** Enige persoon wat 'n voltydse (permanent-voltydse of tydelike-voltydse) of deeltydse aanstelling by die Universiteit van Pretoria het en wat geregtig is op voordele en/of 'n salaris of loon vir sy/haar omskrewe verantwoordelikhede. Dit kan voor- en nagraadse studente insluit wat aangestel is om werk te doen as deel van 'n toekenning of kontrak, en wat volledig of gedeeltelik verantwoordelik is vir verslagdoening oor navorsing.

**Tasbare navorsingsgoedere:** Tasbare of stoflike items vervaardig in die loop van navorsingsprojekte wat ondersteun word deur die Universiteit van Pretoria of deur eksterne borgskappe. Dit sluit items in soos biologiese materiale, ingenieurstekeninge, rekenaarsagteware, geïntegreerde stroombaanskyfies, rekenaardatabasisse, protipe-toestelle en stroombaan-diagramme. Dit verskil van onstoflike items of intellektuele goedere soos uitvindings, patente werk waarop outeursreg bestaan en handelsmerke wat onderworpe is aan ander beleidsriglyn. Individuele items wat as tasbare navorsingsgoedere kwalifiseer mag geassosieer word met een of meer onstoflike items of intellektuele goedere soos outeursregwerke en patente.



**Universiteit:** Word verstaan as die Universiteit van Pretoria, tensy anders vermeld.

**Universiteitshulpbronne:** Dit sluit in, maar in nie daartoe beperk nie, alle fasiliteite, personeel, toerusting, materiale, kundigheid, inligting en vertroulike inligting van die Universiteit.

**Vergoeding:** Alle vergoeding of enigiets anders van waarde wat ontvang word vir dienste gelewer. Dit kan bestaan uit salarisse of 'n ander vorm van besoldiging, soos goedere, aandele of ander items van betekenisvolle finansiële waarde.

## B. AANHEF

Die Universiteit van Pretoria plaas 'n hoë prioriteit op navorsing as een van die primêre funksies van die universiteitsgemeenskap.

Dit streef na 'n navorsingsetos wat uitnemendheid sowel as etiese verantwoordelikheid bevorder in die soeke na en die skeep, bewaring en oordrag van kennis.

Daar word dus verwag dat navorsers aan die Universiteit die hoogste standarde van uitnemendheid en etiese gedrag sal nastreef in al hul navorsingsaktiwiteite.

## C. SLEUTELWAARDES

In hierdie Kode word aanvaar dat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ander toepaslike wetgewing die raamwerk verskaf waarbinne die volgende elf sleutelwaardes geïnterpreteer en toegepas moet word:

- Akademiese vryheid
- 'n Akademiese omgewing bevorder vir navorsing
- Die beskikbaarheid van fasiliteite, dienste en ander hulpbronne van die Universiteit
- Sosiale verantwoordelikheid
- Geregtigheid
- Respek vir individue
- Proffesionaliteit
- Weerhouding van diskriminasie
- Weerhouding van die misbruik van toesighoudende gesag
- Weerhouding van sekuele teistering

## **1. DIE REGTE VAN DIE NAVORSER**

### **1.1 Die reg tot akademiese vryheid**

Navorsers het die reg tot akademiese vryheid wanneer hulle navorsing onderneem. Binne die raamwerk van die Universiteitsbeleid en die regulasies van departemente en fakulteite, staan dit navorsers vry om die onderwerp van hulle studie te kies om steun vir hul navorsing vanuit enige toepaslike bron te soek.

Navorsers het die reg tot inligting wat vereis word vir hul navorsing, insoverre daar geen wetlike of morele beperking op die verskaffing daarvan bestaan nie. Dit staan hulle vry om hul eie teorieë te ontwikkel en tot hul eie gevolgtrekkings te kom. Hulle het die reg om die resultate van hul navorsing te versprei, sonder toesig of verandering deur eksterne befonders, tensy dit vooraf per ondertekende kontrak bepaal is.

Onderworpe aan die riglyne en voorwaardes soos uiteengesit in die Universiteit se Reglement vir Buitewerk en vir Beperkte Privaatpraktyk, asook in ander toepaslike regulasies, het hulle die reg om buitewerk te doen, en in sommige gevalle om 'n beperkte privaatpraktyk te beoefen.

### **1.2 Die reg tot 'n akademiese omgewing bevorderlik vir navorsing**

Die Universiteit het die verantwoordelikheid om 'n omgewing te skep wat navorsing bevorder en goeie navorsers koester. Die Bestuur van die Universiteit moet dus onder andere deur effektiewe finansiële bestuur en die mobilisering van befonding, 'n omgewing skep waarin navorsing kan floreer.

Navorsers moet terselfdetyd voldoende tyd en geleentheid gegun word om betrokke te raak by navorsingskattiwiteite.

### **1.3. Die reg tot die fasiliteite, dienste en ander hulpbronne van die Universiteit**

Die Universiteit het die verantwoordelikheid om, insoverre dit haalbaar is, fasiliteite, toerusting en dienste aan navorsers beskikbaar te stel vir gebruik in navorsing en onderrig, ter wille van die skepping van 'n omgewing wat bevorderlik vir navorsing is.

Waar die Universiteit nie genoeg hulpbronne het om hieraan te voldoen nie, behoort dit pogings aan te wend om dit uit ander bronne te bekom en aan navorsers toe te ken, gebaseer op billikheid en op die akademiese, opvoedkundige en etiese meriete van die navorsing.

Spekulasie oor die politieke of sosiale aanvaarbaarheid van die navorsing of die

navorsingsresultate mag nie hierin 'n rol speel nie.

Waar, as gevolg van beperkte hulpbronne, die Universiteit nie aan alle eise in hierdie verband kan voldoen nie, behoort dit navorsers toe te laar om van elders fasiliteite, fondse en/of ander hulpbronne vir navorsingsprogramme te beding, solank dit nie enige konflik met Universiteitsbelange en –beginsels veroorsaak nie.

## 2. DIE VERANTWOORDELIKHEDE VAN NAVORSERS

Navorsers is verplig en verantwoordelik daarvoor om die volgende sleutelwaardes in hul navorsing toe te pas.

### 2.1 Sosiale verantwoordelikheid

Navorsers moet aanvaar dat hulle deel is van 'n breër gemeenskap en dat hul verantwoordelikhede daarom verder strek as slegs die akademiese omgewing. Hulle moet dus ingestel wees op die behoeftes en probleme van plaaslike en nasionale gemeenskappe waarbinne hulle funksioneer, sowel as van die internasionale gemeenskap. Deur hul navorsing moet hulle sulke behoeftes en probleme aanspreek en bydra tot die daarstelling van voorspoedige, vrye en regverdige gemeenskappe.

### 2.2 Geregtheid

“Vir elkeen wat hom/haar toekom” (“*suum cuique*”) is die onderskeidende normatiewe kerninhoud van geregtigheid. Dit het veral te make met die billike behandeling van die betrokke individue of instellings. Dit billike behandeling van alle individue wat by navorsing betrokke is, moet dus een van die belangrikste doelwitte van navorsers en navorsingsinstansies wees.

Ten minste veir aspekte van geregtigheid is van toepassing op die navorsersomgewing:

**Kontraktuele geregtigheid** hou verband met *die billikheid van spesifieke ooreenkomste en transaksie* tussen individue en/of verteenwoordigers van instansies betrokke by navorsing. Byvoorbeeld, outeursreg moet behoorlike erkenning geniet en vergoeding behoort vir outeursregwerk ontvang te word waar van toepassing.

**Verdelende geregtigheid** hou verband met *die billikheid van die verdeling van voordele* vir 'n spesifieke gemeenskap onder die lede daarvan. Byvoorbeeld, fondse toegeken vir navorsing moet regverdig verdeel word onder navorsingsinstansies en onder individuele navorsers, en die resultate van navorsing moet sover moontlik gemik wees op die bevoordeling van alle dele van die samelewing. Dit sluit byvoorbeeld ook in die bydrae van navorsers tot die

bemagtiging van agtergeblewe akademici en studente deur hul hulp, inligting en mentorskap aan te bied aan lede van sodanige groep.

**Bydraende geregtigheid** hou verband met die *billikheid van die bydraes wat gevra word* van individue en instansies. Menslike deelnemers wat gekies word vir navorsing moet byvoorbeeld nie hoofsaaklik gekies word uit sekere klasse van persone, sekere etiese groepe, of persone beperk tot inrigtings nie, maar moet die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig, tensy die navorsingsprojek juis gerig is op dié spesifieke groep.

**Vergeldende geregtigheid** hou verband met die *billikheid van strawwe opgelê* vir misdade gepleeg of oortreding began, of die *vergoeding gevra* vir die regstel van oortredings begaan. Dissiplinêre procedures en stappe wat te make het met die oortredings van navorsingsetiek of –regulasies moet dus billik wees.

### 2.3 Welwillendheid

Ten einde navorsing op 'n etiese wyse uit te voer, moet alle betrokkenes nie alleen teen skade beskerm word nie, maar moet daar ook gepoog word om hul welsyn te verseker. Dit val onder die beginsel van welwillendheid. Die term “welwillendheid” (oftewel “weldadigheid”) verwys na goeiehartige of liefdadige optrede wat nie as verpligting vir almal geld nie.

In hierdie Kode verwys “welwillendheid” of “weldadigheid” egter wel na 'n verpligting wat tot uitdrukking kom in twee algemene reëls wat mekaar wedersyds aanvul:

- Moenie sake aandoen nie, en
- Vermeerder die moontlike voordele en verminder die moontlike skade.

Die Hippokratiese beginsel, “moenie skade aandoen nie”, is lank beskou as die fundamentele beginsel van die mediese etiek. Hierdie beginsel kan van toepassing gemaak word op verskeie sferes van navorsing om aan te dui dat individue, diere, die omgewing, ensovoorts, nie skade mag ly ter wille van navorsing nie, ongeag die voordele wat moontlik uit die navorsing mag spruit. Navorsers moet dus met groot omsigtigheid besluit wanneer dit geregverdig is om sekere voordele na te streef ten spyte van die betrokke risiko's, en wanneer die voordele prysgegee moet word op grond van die betrokke risiko's.

Die verpligting van welwillendheid beïnvloed die individuele navorsers sowel as die samelewing as geheel, omdat dit betrekking het op spesifieke navorsingsprojekte asook die totale navorsingsbedryf. In die geval van spesifieke navorsingsprojekte is navorsers en ander personeel van navorsingsinstansies verplig om vooraf oorweging te skenk aan die maksimering van die voordele en die vermindering van risiko's wat uit die navorsing mag voortvloei.

In die geval van navorsing in die algemeen is dit die plig van lede van die publiek om die langermynvoordele en –risiko's van kennisvermeerdering en die ontwikkeling van byvoorbeeld nuwe mediese, psigoterapeutiese, en sosiale prosedures raak te sien en uit te wys.

Aangesien die doel van navorsing altyd die verbetering van menslike en/of die bevordering van die welsyn van dierlike lewenskwaliteit behoort te wees, moet gesorg word dat die regte van mense en diere nie tydens die navorsingsproses aangetas word nie. Navorsers moet poog om nie alleen toekomsitge skade te minimaliseer nie, maar ook daarna streef om onreg en skade uit die verlede uit die weg te ruim.

## 2.4 Respek vir individue

Die beginsel van respek vir individue kan verdeel word in twee morele pligte:

- Die plig om die outonomie van individue te erken, en
- die plig om persone met verminderde outonomie te beskerm.

Om outonomie te respekteer is om ag te slaan op 'n outonome persoon se oorwoë menings en nie die persoon se optrede aan bande te lê nie, tensy sodanige optrede duidelik nadelig is vir andere. Om 'n gebrek aan respek vir die outonome persoon te toon, is om daardie persoon se oorwoë besluite te misken, om hom/haar nie die vryheid te bied om daarvolgens op te tree nie, of om inligting wat noodsaaklik is vir oorwoë besluitneming te weerhou wanneer daar geen oortuigende rede daarvoor is nie.

Aan die ander kant is nie elke individu bevoeg tot selfbeskikking nie. Die vermoë om self besluite te neem, ontwikkel gedurende die individu se lewe, en sommige persone verloor hierdie vermoë volledig of gedeeltelik weens siekte, geesterversteurings, of omstandighede wat vryheid ernstig inkort. Respek vir die onvolwassene of die ontoerekeningsvatbare vereis dat sulke persone beskerm moet word terwyl hulle besig is om volwasse te word of terwyl hulle ontoerekeningsvatbaar is.

## 2.5 Professionaliteit

Navorsers moet sorg dat hulle aan die professionele standaarde van daardie beroep voldoen. Hulle het die volgende professionele verantwoordelikhede:

**Integriteit:** Die individuele integriteit van elke navorser moet te alle tye onbesproke wees, aangesien die gesamentlike integriteit van individue navorsers juis die hoeksteen van die wetenskap uitmaak. Elke navorser behoort te kan staatmaak op die waarheid en objektiwiteit van die verslae van ander wetenskaplikes.

**Kwaliteit:** Navorsers is verantwoordelik vir die akademiese karakter, akkuraatheid en betroubaarheid van hul eie navorsing en van dit wat onder hulle toesig gedoen word. Navorsing moet daarom beperk word tot dit wat binne die akademiese, tegniese en finansiële bevoegdheid van die navorser lê. Navorsers moet altyd die hoogste standarde van uitnemendheid toepas met betrekking tot die beplanning, implementering en rapportering van navorsing.

**Toerekenbaarheid:** Individuele navorsers moet verantwoordelik gehou word vir die oorspronklikheid van hulle werk, vir die volledige bekendmaking en rapportering – aan beide die akademiese gemeenskap sowel as aan die breë publiek – van alle toepaslike procedures, teorieë en data wat gebruik is gedurende die navorsingsproses, en vir die handhawing van finansiële beheer daarvoor.

## 2.6 Weerhouding van diskriminasie

Diskriminasie is enige optrede wat tot gevolg het dat die dienste, voordele, geleenthede en/of fasiliteite van die Universiteit op grond van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, familiestaat, etniese of sosiale herkoms, kleur seksuele geörienteerdheid, ouderdom, gestremdheid, of mediese toestand, godsdiens, gewete of oortuigings, kultuur, taal en geboorte, van iemand weerhou word. Diskriminasie sluit ook enige kommunikasie, hetsy mondeling, geskrewe, elektroniese of nie-verbaal in wat 'n gebrek aan respek of onverdraagsaamheid teenoor bepaalde individue of groepe bevorder.

Geen navorsers mag regstreeks of onregstreeks op grond van een en of meer van bogenoemde gronde onbillike teen iemand diskrimineer nie, behalwe as sodanige hantering van die persoon in die belang van die persoon self is.

Die Universiteit streef daarna om 'n werksomgewing te skep wat sy personeellede en studente ondersteun en beloon op die basis van toepaslike faktore soos werkspreslasie en navorsingsuksesse. Diskriminasie werk nadeling in op hierdie omgewing en moet daarom ten alle koste deur navorsers vermy word. In terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge 1998 word diskriminasie as onbillike arbeidspraktyke beskou.

## 2.7 Weerhouding van die misbruik van toesighoudende gesag

Die misbruik van toesighoudende gesag sluit in enige vorm van voorwaardelike, of skynbaar voorwaardelike vergunning van dienste, voordele, geleenthede of fasiliteite, op grond van prestasie of gebeure wat nie verband hou met die akademiese prestasie of werkverrigtinge van die persoon waarvoor toesig gehou word nie.

So 'n misbruik van gesag kan plaasvind selfs al is dit nie gemik op die bevoordeleing van die betrokke toesighouer nie en al hou die resultaat daarvan

ook geen voordeel vir hom/haar in nie.

Soos in die geval van diskriminasie, werk hierdie praktyk nadelig in op die navorsingsomgewing en moet dit ten alle koste deur navorsers vermy word. Dit word ook in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge 1998 beskou as 'n onbillike arbeidspraktyk.

Persone met toesighoudende gesag oor individue in hul onmiddellike familie, of persone met wie hulle in noue verhouding staan, is geneig om 'n konflik van belange te laat ontstaan en word sterk aangeraai om òf die akademiese of werkstoetsig van die betrokke persoon af te staan, òf om toestemming (byvoorbeeld van die departementshoof of dekaan) te verkry om in die betrokke hoedanigheid voort te gaan, met die invoering van voldoende voorkomende maatreëls.

## **2.8 Weerhouding van sekuele teistering**

Die Universiteit van Pretoria is 'n akademiese en opvoedkundige instelling wat daarna streef om 'n nie-seksistiese, nie-diskriminerende werk-, woon- en leeromgewing vir elkeen daar te stel waar dit vir elkeen moontlik is om sy/haar volle potensiaal te verwesenlik. Die Universiteit erken dat die beskerming van menswaardigheid en ontmoediging van krenkende handeling 'n integrale deel is van sodanige omgewing en erken dat seksuele teistering 'n onaanvaarbare inbreukmaking op die kernwaardes van menswaardigheid, privaatheid en wedersydse respek en 'n vorm van onbillike diskriminasie is.

Die universiteitsraad, Hoofbestuur, personeel, en studente is medeverantwoordelik vir die bestriding van sekuele teistering op die kampus. Om hierdie verantwoordelikheid na te kom het die universiteitsgemeenskap op die Sekuele Teisteringsbeleid ooreengekom wat die raamwerk vorm waarbinne die navorser se gedrag beoordeel word.

Navorsers moet die volgende binne die navorsingspraktyk vermy:

**Intimidasie:** 'n Handeling ingevolge waarvan 'n persoon druk uitoefen, dwang toepas of deur dreigemente poog om 'n ander te oorreed om te handle op 'n wyse wat laasgenoemde persoon uit eie vry wil nie sou handle nie (ongegag of die poging suksesvol was of nie).

**Sekuele Teistering:** Enige handeling met 'n sekuele konnotasie of ondertoon wat kan lei tot strafregtelike vervolging of 'n deliktuele ies asook enige onregmatige handeling ingevolge waarvan 'n individuele reg op 'n veilige, nie-intimiderende werk-, woon-, of leeromgewing aangetas word deur onder andere

- (a) onwelkome seksuele toenadering;
- (b) versoeke vir sekuele gunste waar die persoon wat die

- versoek rig in die posisie is om onder andere aanstellings, bevorderings, positiewe akademiese en ander prestasiebeoordelings te maak;
- (c) vernederende en/of krenkende verbale en nie-verbale handeling met 'n eksplisiete of implisiete sekuele konnotasie of ondertoon.

Viktimisasie: Die onregmatige benadeling (of dreigement daartoe) van 'n persoon (personeelid of student) wat sy/haar regte uitoefen of afdwing, of poog om dit uit te oefen en/of af te dwing.



## **D. TOEPASSING VAN DIE SLEUTELWAARDES**

Die sleutelwaardes moet toegepas word binne die verskillende verhoudinge waarin die navorser staan. Binne hierdie verskillende verhoudinge geld meer spesifieke regte en verantwoordelikhede.

### **1. NAVORSERS EN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING**

#### **1.1 Die Suid-Afrikaanse gemeenskap**

Navorsers aan die Universiteit van Pretoria is verbind tot die doen van navorsing wat sal bydra tot die welsyn en lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikaners. Hulle moet te alle tye strew om die Suid-Afrikaanse gemeenskap as geheel met hul navorsing te dien, eerder as seksionele belange. Hulle moet dus die reg van die gemeenskap om toegang tot navorsingsbevindinge en –inligting te hê, erken in soverre dit nie inbreuk maak op kliënte, befondsers, of deelnemers aan navorsing se regte of vertroulikheid nie.

Navorsers moet daarop ingestel wees om ingelykheid en onreg in die samelewing raak te sien en aan die kaak te stel. Deur middle van navorsing, dien en tegnologie, moet hulle aktief meewerk aan die regstel van ongelykhede in Suid-Afrika.

#### **1.2. Die regering van die dag**

Die regering van die dag identifiseer sekere prioriteite met betrekking tot dringende sosio-politieke en ekonomiese kwessies in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die Universiteit erken enersyds die noodsaaklikheid van die vervulling van spesifieke politieke-, ekonomiese- en gesondheidsbehoefte deur middle van navorsing, en andersyds die belang van die bevordering van die wetenskap in die algemeen. Aan beide aspekte behoort in die navorsingsprogramme van navorsers aan die Universiteit aandag geskenk te word. Navorsers moet bewus wees van die betrokke prioriteite soos deur die regering van die dag geïdentifise en poog om by te dra tot die nasionale welsyn en welvaart. Hulle mag egter nie forseer word om hulle aktiwiteite slegs tot die onmiddellike prioriteite van die regering van die dag te beperk nie.

Die wese van die Universiteit as instelling is geleë in die vermoë om uitnemendheid in die skep en bewaring van kennis te kombineer met die vestiging van lewensvaardighede en –waardes ten einde die verantwoordelike en effektiewe gebruik van kennis tot voordeel van die plaaslike en wêreldwye gemeenskappe te verseker. Navorsers aan die Universiteit het die verantwoordelikheid om kennis sowel as wysheid te bevorder deur die nastrewing van waarheid ten opsigte van alle aspekte van die lewe.

#### **1.3. Die omgewing**

Waar 'n wetenskaplike ondersoek die fisiese of biologiese omgewing as voorwerp van ondersoek betrek, moet die navorser moeite doen om enige onverantwoordelike ingrype in daardie omgewing te verhoed.

Waar 'n wetenskaplike ondersoek die gebruik van gevaarlike stowwe insluit of sulke stowwe produseer, moet gesorg word dat die risiko's vir die omgewing, vir die gemeenskapslewe en vir mense en diere wat gedurende of na afloop van die ondersoek daarmee in aanraking sou kom, binne aanvaarbare beperking gehou word.

Waar 'n ondersoek viruses, mikro-organismes of plante betrek, moet die doel daarvan eties regverdigbaar wees. Prosedures moet voorsiening maak vir die vereiste vlak van bioveiligheid in die gegewe omstandighede en vir die beskerming van die omgewing en mense of die toepaslike Universiteitsreglement vir Kontrakwerk, wat kontraknavorsing insluit.

## **2. NAVORSERS EN KLIËNTE OF BEFONDSERS VAN NAVORSING**

Navorsing wat vir kliënte en befonders wat spesifieke doelwitte voorskryf, onderneem word, is onderworpe aan die normale konvensies van kontraknavorsing en ook aan die toepaslike Universiteitsreglement vir Kontrakwerk, wat kontraknavorsing insluit.

### **2.1. Konflik van belange**

'n Konflik van belange moet vermy word, en alle navorsers word versoek om enige potensiële konflik van belange bekend te maak. Inmenging van die kant van kliënte of befonders wat die intergriteit van die navorsing in gedrang kan bring is onaanvaarbaar. Inligting oor die identiteit van deelnemers aan kontraknavorsing sal nie aan befonders verskaf word nie, tensy die individuele deelnemers daartoe toestem.

### **2.2. Vertroulikheid van navorsingsresultate**

Ooreenkomste met kliënte en befonders van navorsing is onderhewing aan die beginsel dat die Universiteit onderneem om navorsingsresultate binne 'n vasgestelde tydsraamwerk en op 'n verantwoordelike wyse, vryelike beskikbaar te stel aan die publiek.

### **2.3. Finansiële verpligtinge**

Vergoedingsooreenkoms vir deelnemers en navorsers moet in die kontrak of in die toekenningsvoorwaardes (dikwels gebaseer op 'n befondingsaansoek) uiteengesit word, asook ander goedgekeurde begrotingsitems.

Alhoewel die regsooreenkoms vir die befonding van 'n sekere projek tussen die

gefondser en die Universiteit van Pretoria is, lê die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die finansiële bestuur van 'n befondste projek by die projek/programleier. Fondse moet spandeer word binne die beperkinge van die kontrak of toekenning, en as enige oortrokke rekeninge tot stand kom, is dit die verantwoordelikheid van die projek/programleier om hierdie oortrokke rekening te delg deur die oorplasing van die nodige fondse na 'n gepaste rekening.

#### **2.4. Toerustingbeheer**

Die beheer van beide Universiteits- en regeringseiendom word gewoonlik verplig deur buite kontrakte en –toekennings sowel as deur Universiteitsbeleid. Projek/programleiers is verantwoordelik vir die noodsaaklike goedkeuring vir die aankoop van toerusting, vir die aanmelding daarvan by die Universiteit en die versekering dat dit behoorlik gemerk word, en die verwydering daarvan, waar nodig.

#### **2.5. Fondse vir nuwe navorsingsrigtings**

Die koste van die voorbereiding van navorsingsvoorstelle en ander aktiwiteite ter ondersteuning van nuwe rigtings in navorsing mag nie teen befondste projekte of projekkosies wat vir 'n ander doel daargestel is, verreken word nie. Sodanige kosies moet uit ander vrye bronne verhaal word.

Die koste van voorstelle met betrekking tot voortgesette navorsing kan verreken word teenoor die fondse van die bestaande projekte.

### **3. NAVORSERS, DIE UNIVERSITEIT EN DIE BREË WETENSKAPLIKE GEMEENSKAP**

#### **3.1. Algemene gedrag**

Navorsers behoort gelei te word deur 'n diep oortuiging van die waarde en waardigheid van die bevordering van kennis en moet die besondere verantwoordelikheid wat daardeur op hulle geplaas word, erken. Hul primêre verantwoordelikheid is om die waarheid na te streef en aan te bied soos hulle dit sien. Om dié rede moet hulle onder andere hul energie wu aan die ontwikkeling en verbetering van hul akademiese bevoegdheid. Hulle moet ook kritiese selfdissiplinge en oordeel toepas in hul besluite oor die gebruik, uitbreiding en verspreiding van kennis.

Navorsers mag nie hul posisie as navorsers misbruik vir persoonlike gewin nie. Hoewel hulle hul sekondêre belange in ag neem, mag hierdie belange nooit hul vryheid van ondersoek belemmer of kompromiteer nie. Navorsing moet altyd op 'n besondere akademiese en verantwoordelike wyse gedoen word.

Navoersers moet verantwoordelikheid aanvaar vir:

- Die ontwerp, metodologie, en uitvoering van hulle navorsing;
- Die beplanning van navorsing op so 'n wyse dat die bevindinge geloofwaardig en geldig sal wees;
- Die rapportering van hul bevindinge, en die beperking daarvan, sodat dit onderwerp kan word aan eweknie-evaluering en aan die publiek beskikbaar gestel word; en
- Die uitwys van alternatiewe interpretasies, waar dit van toepassing mag wees.

In die bekendmaking van resultate en bevindinge moet navorsers die beginsels van eerlikheid, volledigheid, verstaanbaarheid, helderheid, toerekenbaarheid en blootstelling aan publieke toetsing, onderskryf. Waar van toepassing, moet die gesag van professionele kodes in spesifieke disciplines ook erken en gerespekteer word.

Navorsers moet die reg van mede-navorsers om uit 'n verskeidenheid van paradigmas, metodes en tegnieke te kies, respekteer. Die universiteit het die reg om die kwaliteit van navorsing, die etiese aanvaarbaarheid van navorsingsprosedures, sowel as die finansiële aspekte van die navorsing, te onderwerp aan audit-prosedures. Navorsers moet gewillig wees om hulself te onderwerp aan procedures in hierdie verband wat deur die Universiteit of deur kliënte van die Universiteit daargestel word, asook aan eweknie-evaluering om die uitnemendheid van hul navorsing te verseker.

### **3.2. Akademiese wangedrag:**

Akademiese wangedrag moet verstaan word binne die raamwerk van die omskrywing van wangedrag in die Statuut van die Universiteit. Wangedrag moet ten alle koste binne die navorsingsomgewing vermy word. Indien 'n navorser skuldig bevind word aan akademiese wangedrag, sal dienooreenkomstige stappe teen die persoon geneem word soos uiteengesit in die Universiteit van Pretoria se diensvoorwaardes en dissiplinêre kode.

Die volgende optrede moet vermy word:

- Versuim om gepaste erkenning aan die insette van medewerkers te gee.
- Vals opname of rapportering en manipulasie van feitelike inligting.
- Plagiaat as die toeëiening van literêre werk, of gedeeltes van sodanige werk, van iemand anders, en die aanbieding daarvan asof dit die oortreder se eie sou wees.
- Die ongemagtigde gebruik van vertroulike navorsingsresultate (navorsingsdiefstal) waar dit nie strook met aanvaarbare akademiese of kollegiale gedrag nie.
- Die onaanvaarbare verkryging toedeling en misbruik van fondse wat vir navorsingsdoeleindes toegeken is.

- Wraak van enige aard teen 'n wat in goeie trou opgetree het en vermoedelike of beweerde akademiese wangedrag gerapporteer het, of inligting daartoe verleen het.
- Onwettige en ongemagtigde gebruik van Universiteitseiendom en –toerusting.
- Skending van outeursreg of enige ander vorm van intellektuelegoederereg.
- Misbruik van navorsing van nagraadse studente vir eie doeleindes.
- Versuim om navorsingstake wat deel is van werkverpligtinge na te kom.
- Die ondermyning van ander individue se fundamentele regte in die uitvoering van navorsing.

### **3.3. Konflik van belange**

Akademiese personelede mag nie toelaat dat ander professionele of buite-aktiwiteite hul aandag aflei van hul primêre verantwoordelikheid teenoor die Universiteit nie. Hulle moet 'n betekenisvolle, professionele-aanvaarbare teenwoordigheid op die kampus behou deur die loop van elke semester waarin hulle aktief aan diens is. Vakansies en verlof moet binne die Universiteitsregulasies val.

Hulle moet 'n atmosfeer van akademiese vryheid skep deur die oop en tydige mededeling van die resultate van hul akademiese aktiwiteite te bevorder, deur seker te maak dat hul advies aan studente en na-doktorale genote nie beïnvloed word deur persoonlike belange nie, en deur eksterne aktiwiteite wat die vrye vloei van akademiese inligting tussen hulself, studente en kollegas mag beïnvloed, bekend te maak.

Navorsers mag Universiteitsbronne, insluitende fasiliteite, personeel, toerusting, inligting of vertroulike inligting as deel van kontrakwerk gebruik, solank die Universiteit daarvoor vergoed word volgens die bepalinge van die Reglement vir Kontrakwerk van die Universiteit. Navorsers mag nie Universiteitsbronne gebruik vir enige ander doel as waar dit verbandhou met die onderrig, navorsing of dienslewering van die Universiteit nie, tensy toestemming daarvoor vooraf deur die departementshoof en/of dekaan verkry is, soos deur die regulasies van die Universiteit bepaal.

Navorsers moet tydig alle potensieel patenteerbare uitvindings bekendmaak wat ontdek of geskep is in die loop en bestek van hul diens aan die Universiteit. Eienaarskap van sulke uitvindings moet volgens die beleid van die Universiteit hanteer word. Die uitvindings sal in die voordele of tantieme wat verdien word met die Universiteit deel volgens die bepalinge in die Intellektuelegoedereregbeleid van die Universiteit.

Navorsers moet aan die Universiteit bekendmaak of hulle (of lede van hulle

familie soos gedefinieer in **Defenisie** hierbo) konsultasieooreenkomste of werk in 'n buite-instelling het, voordat die volgende voorgestelde reëlings of ooreenkomste tussen sulke instellings en die Universiteit van Pretoria goedgekeur sal word: a) geskenke; b) befondste projekte; c) tegnologiesensieringsooreenkomste; en d) toedelings.

In sulke gevalle sal formele Universiteitstoestemming vereis word voordat daar met die voorgestelde reëlings of ooreenkomste voortgegaan kan word.

### 3.4. Intellektuele goedere

Die bepalings van die Universiteit van Pretoria aangaande intellektuele goedere word uiteengesit in die **Intellektuele goederebeleid** van die Universiteit. Navorsers moet bewus wees van al die bepalings en hulself onderwerp aan al die beheermeganismes en riglyne van die Universiteit.

Van die belangrikste beginsels onderliggend aan hierdie Beleid is:

- die bevordering van vrye en skeppende werk tot voordeel van die wetenskap en samelewing as geheel;
- die bewaring van tradisionele universiteitspraktyke en –voorregte met betrekking tot die beskikbaarstelling en publikasie van akademiese werke;
- die daarstelling van etiese standaarde en prosedures met betrekking tot intellektuele goedere;
- die aanmoediging van skeppende en innoverende navorsing en samewerking deur die daarstelling van meganismes wat die regte van al die betrokke partye erken, die verkryging van voordele uit navorsing bevorder, en die regverdige verdeling van voordele uit navorsing waarborg deur:
  - die daarstelling van beginsels en procedures vir die verdeling van inkomste uit uitvindings en skeppende werk
  - die beskerming en bemarking van die Universiteit se bates, insluitende die intellektuele goedere, tot voordeel van alle belanghebbendes.

## 4. NAVORSERS EN HUL KOLLEGAS OF MEDEWERKERS

### 4.1 Outeurskap

Aangesien akademiese werk put uit 'n menigte bronn wat begrippe en inligting bied, is dit noodsaaklik dat klem gelê word op die regmatige erkenning in die aanbiedinge van idees en die publikasie van manuskripte. Outeurskap moet slegs toegeken oord aan daardie persone wat 'n oorspronklike en betekenisvolle bydrae tot die konsepsualisering, ontwerp, uitvoering en interpretasie van die gepubliseerde werk gelewer het.

Individue wat kleiner bydraes gelewer het deur byvoorbeeld die verlening van raad, doen van analise, verskaffing van onderwerpmateriaal, of wat die navorsing op een of ander verdere wyse ondersteun het, moet ook erkenning daarvoor kry. Soms moet geskrewe toestemming verkry word vir erkennings in die gepubliseerde werk en word die formaat daarvan selfs deur die betrokke party voorgeskryf.

In die geval van mede-outeurskap tree vrae rondom die kriteria vir die insluiting as outeur, die vermoë van elke outeur om alle aspekte van die studie te evalueer en die volgorde van die lys outeurs, na vore. Outeurs moet hierdie vrae openlik bespreek en afsprake maak voordat hulle 'n mede-outeursprojek aanpak. Die outeur wat die werk voorlê, of die hoofouteur, het die verantwoordelikheid om die voltooiing en voorlegging van die werk te koördineer en om te verseker dat al die bydraes en ale die medewerkers behoorlike erkenning geniet. Alle outeurs moet die finale weergawe van die manuskrip goedkeur en moet bereid wees om publieke verantwoordelikheid vir die werk te aanvaar.

Elke outeur of mede-outeur is verantwoordelik vir die samestelling, hersiening en verifiëring van daardie gedeeltes van die manuskrip, publikasie of aanbieding wat sy/haar bydrae verteenwoordig. Alle mede-outeurs is geregtig daarop om eie kopieë daarvan, insluitende figure en aangehegde dokumente, te maak.

In feitelike of wetenskaplike verslae moet outeurs moeiete doen om toepaslike data aan te haal, insluitende daardie data wat nie die hipotese wat voorgestaan word, ondersteun nie. Dit is die outeur(s) se verantwoordelikheid om op hoogte te wees van ander toepaslike publikasies en dit aan te haal.

Dit is oneties, en skadelik vir die akademie om werk van andere, deels of volledig, aan te bied as jou eie, om navorsingsresultate te fabriseer, of om inligting te verswyg of te verander.

Outeurs wat verkies om inligting aan te haal wat op persoonlike vlak of uit ongepubliseerde geskrewe materiaal verkry is, moet geskrewe toestemming van die bron verkry.

Dit is onbehoorlike en onaanvaarbaar om uittreksel van navorsing, of verslae oor dieselfde navorsing, aan meer as een uitgewer voor te lê, tensy sodanig optrede goedgekeur word deur die redakteurs van elke publikasie, of meervoudige voorlegging die aanvaarbare standaardpraktyk in die spesifieke dissipline of veld is. Daar moet in die volledige verslag oor die betrokke werk verwys word na voorlopige uittreksels van werk wat reeds gepubliseer is.

#### **4.2. Keuse van navorsingsvennote**

Navorsers het die reg om navorsingsvennote te kies op grond van die waarde en

kwaliteit van die werk van ander navorsers in die veld, mits beide vennote 'n betekenisvolle bydra tot die gemeenskaplike projek ken lewer. Navorsers word aangemoedig om gesamentlike navorsingsprojekte met kollegas van ander binne- en buitelandse instansies aan te pak en om inter- of multi-dissiplinêre navorsing aan te moedig of daaraan deel te neem.

In sodanige gevalle moet navorsers sorg dat hulle vertrouwd is met die inhoud van die toepaslike beleidstukke van die betrokke inrigtings, byvoorbeeld die intellekuteelgoederegbeleid, en dat daar aan toepaslike bepalinge uitvoering gegee word, solank dit nie in konflik met die Universiteitsregulasies en –beleid is nie.

### **4.3. Hulp met die navorsing van ander**

Navorsers moet daarna streef om ander navorsers uit agtergeblewe gemeenskappe en sosiale groepe deur middel van advies, inligting en samewerking te help en te ondersteun.

'n Navorser wat deelneem aan die navorsing van 'n ander, hetsy dit 'n Universiteitskollega of 'n buite-persoon is, neem deel as 'n professionele persoon en is daarom aanspreeklik vir sy/haar daad. Die besluit om deel te neem, moet gebaseer wees op die volgende inligting:

- Die navorsingsprotokol/ -plan.
- Prosedures vir die verkryging van 'n deelnemer se toestemming.
- Die omvang van insette verlang van die navorser.

'n Navorser wat deelneem as medewerker aan die navorsing as veldwerker of data versamelaar (en wat nie aan die beplanning deelgeneem het nie) is verplig om:

- te werk volgens die navorsingsprotokol/ -plan
- verslag te doen oor enige bygekomenede inligting wat in die loop van die veldwerk versamel is en die navorsing mag beïnvloed
- te hou by die navorsingskediule
- betyds te waarsky indien sy/haar betrokkenheid beënidig gaan word.

Die navorser het die reg om sy/haar betrokkenheid in die navorsing met verloop van tyd te beënidig na oorleg of na kennisgewing en met inagneming van bepaalde verbintnisse.

As die navorser meer as 'n veldwerker of versamelaar van data is, en ook deelneem in die beplanning van die navorsing en/of die analise van data, moet sy/haar bydrae in enige voortspruitende publikasie erken word. Die omvang van die erkenning moet vooraf onderhandel word.



Navorsingsvennote moet van die uitslag van befondsingsaansoeke en van die navorsingbevindinge en –uitsette in kennis gestel word.

#### **4.4. Gesondheid en veiligheid**

Die universiteit is onderworpe aan die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Wet 85 vab 1993. Navorsers aan die Universiteit moet dus alles in hulle vermoë doen om:

- die gesondheid en veiligheid van mede-navorsers, na doktrale genote, personeellede en studente te beskerm;
- 'n veilige werksomgewing vir mede-navorsers, na doktrale genote, personeellede en studente te verseker;
- inligting aan mede-navorsers, personeellede en studente oor veiligheid en gesondheidsrisiko's te verskaf;
- gesondheids- en veiligheidsrisiko's te identifiseer en reg te stel en om mede-navorsers, personeel en studente aan te moedig om risiko's te rapporteer;
- inligting en veiligheidsmaatreëls te verskaf aan diegene op die kampus en in die naburige gemeenskap aangaande omgewingsrisiko's wat uit 'n spesifieke projek kan voortvloei;
- hul betrokke departemente of instellings se regulasies aangaande gesondheids- en veiligheids meganismes na te kom.

Navorsers moet verbind wees tot streng programme vir ongeluks- en beseringsvoorkoming en tot die onderhouding van alle omgewings-, gesondheids- en veiligheidswetgewing en –regulasies. Goeie gesondheids- en veiligheidsprosedures is 'n verantwoordelikheid van elke navorsers, personeel, student en die Universiteit self.

Indien 'n projek weg van die Universiteitsgronde bedryf word, moet alternatiewe en gepaste veiligheidsmaatreëls getref word om sover moontlik Universiteitspersoneel, na-doktrale genote, gasdosente, studente en Universiteitstoerusting te beskerm en risiko's te beperk.

### **5. NAVORSERS EN STUDENTE ONDER HUL TOESIG**

#### **5.1 Toesig oor studente se akademiese werk**

Akademiese instansies is verantwoordelik daarvoor om studente te onderrig en voor te berei om die samelewing in te gaan en om hul dissiplines volgens hoë etiese standaarde te beoefen. Dit het egter nie alleen betrekking op die formele aanbieding van kursusse nie. Dit Universiteit en sy personeellede het 'n verpligting teenoor die breë akademiese gemeenskap, die studente en die publiek om te verseker dat alle studente wat betrokke is by akademiese en

navorsingsaktiwiteit, daarmee omgaan met verantwoordelikheid en met eerbieding van die hoogste professionele standaarde.

Studieleiers, navorsingsleiers en administratiewe hoofed deel die verantwoordelikheid vir die daarstel van 'n oop en gelyke navorsingsomgewing wat die belange van studente, assistente en ander kwesbare persone wat opleiding ondergaan, beskerm. Hulle moet verseker dat daar aan studente billike erkenning gegee word vir oorspronklike werk, dat studente nie vir die studieleier se eie navorsingsdoeleindes misbruik word nie, dat eise wat aan studente gestel word, redelik is en dat hulle met dieselfde professionele hoflikheid as eweknieë behandel word.

Daar moet geleentheid geskep word vir studente wat voel dat hulle toesig of opleiding onvoldoende is, om die saak onder die aandag van die studieleier, navorsingsleier of, waar nodig, die betrokke administratiewe hoof, te bring. Studie- en navorsingsleiers moet gereeld met studente, kollegas en ander medewerkers vergader om die werk en vordering te evalueer.

Studie- en navorsingsleiers moet as rolmodelle dien en die hoogste standaarde in die uitvoering van navorsing handhaaf. Hulle behoort studente aan te moedig tot kritiese en selfstandige denke en om idees en inligting met ander lede van die akademiese gemeenskap te deel. Hulle moet verseker dat die ondervinding wat die studente opdoen, sal bydra tot die voorbereiding vir hul toekoms as onafhanklike navorsers.

Besondere aandag moet gegee word aan die uitwissing van ongelykhede en agterstande wat sekere studente het as 'n gevolg van diskriminasie en onreg van die verlede.

## **5.2. Opleiding van nagraadse studente in navorsingsetiek en –integriteit**

Etiese kwessies in die beoefening van navorsing moet 'n integrale deel van die opleiding van alle senior voorgraadse en nagraadse studente uitmaak. Studie- en navorsingsleiers is verantwoordelik vir die daarstel van 'n opleidingsomgewing waarbinne kwessies rondom etiese waardes vrylik bespreek word. 'n Studieleier moet ten minste 'n basiese begrip van navorsingsetiek van studente verwag en verder aanmoedig om te sorg dat hulle die etiese kwessies wat met hul navorsing, resultate en publikasies verbandhou, kan identifiseer en hanteer.

Elke dosent is verantwoordelik vir die vestiging en uitvoering van die beginsels van navorsingsetiek onder studente en navorsingspersoneel onder sy/haar toesig. 'n Inleiding in die begrippe en beginsels van navorsingsetiek moet deel vorm van die oriëntering van alle nagraadse studente. Studie- en projekteleiers moet ook as rolmodelle vir studente dien in die manier waarop hulle navorsing uitvoer.

## 6. NAVORSERS EN MENSLIKE DEELNEMERS AAN NAVORSING

### 6.1. Basiese beginsels

Navorsers moet in hul verhouding met menslike deelnemers aan die navorsingsproses ag slaan op die beginsels van respek vir persoonlike outonomies, welwillendheid en geregtigheid. Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie etiese beginsels nie in isolasie van mekaar bestaan nie.

Verder word goeie oordeel en sensitiwiteit vereis in die toepassing van potensieel botsende beginsels, soos dikwels in hierdie tipe navorsing gevind word. 'n Bewussyn van potensieële konflik behoort te lei tot die ontwikkeling van nuttige strategieë om die konflik te bekamp.

### 6.2. Toepassing van die beginsels

#### 6.2.1. Evaluering van risiko's en voordele:

In die beplanning en die uitvoering van die studie moet die navorser altyd die etiese toepasbaarheid en voorsienbare gevolge van die navorsing in ag neem. Die bepaling van die risiko's en voordele van die navorsing vereis 'n versigtige versameling van relevant data en, in sommige gevalle, alternatiewe maniere om die voordele wat in die navorsing nagestreef word, te verkry. Die navorser moet in die besonder besorg wees oor die belange van kwesbare deelnemers soos kinders, gestremdes en bejaardes.

**Die aard en omvang van risiko's en voordele:** Die vereistes dat navorsing slegs regverdig kan word op die basis van 'n gunstige risiko/voordeel-evaluering staan in 'n noue verhouding met die beginsels van welwillendheid. Die term "risiko" verwys na die moontlikheid dat navorsing skade tot gevolg mag hê. Die term "voordeel" word in die konteks van navorsing gebruik om te verwys na iets van positiewe waarde met betrekking tot gesondheid of welstand.

Verskillende tipes moontlike skade en voordele moet oorweeg word. Daar is byvoorbeeld risiko's van sielkundige skade, fisiese skade, sosiale skade en ekonomiese skade, en die ooreenstemmende voordele. Al is die mees waarskynlike vorm van skade ten opsigte van deelnemers aan navorsing, sielkundige of fisiese pyn of besering, moet ander moontlike soorte skade nie misgekyk word nie.

Die navorser moet deelnemers aan navorsing beskerm teen voorsienbare fisiese, sielkundige of sosiale skade of lyding wat ervaar kan word in die loop van, of as 'n resultaat van navorsing. Wanneer navorsing onvoorsiene of onwenslike gevolge het, is die navorser verantwoordelik vir die identifisering, en waar moontlik, vir die regstel van hierdie gevolge.

Risiko's en voordele van navorsing mag individuele deelnemers, die familie van die individuele deelnemers en die gemeenskap as geheel (of spesiale groepe van deelnemers in die gemeenskap) beïnvloed. 'n Minimum vereiste is dat die risiko's vir deelnemers oortref moet word deur die som van beide die verwagte voordele vir die deelnemer, indien enige, en die verwagte voordeel vir die gemeenskap in die vorm van kennis wat verkry word deur die navorsing. In die opweeg van hierdie aspekte, dra die risiko's en voordele vir die deelnemer aan die navorsing besondere gewig.

**Die sistematiese evaluering van die risiko's en voordele:** Die ideal van 'n sistematiese, nie-arbitrêre analise van die risiko's en voordele moet so ver as moontlik nagestreef word. Hierdie ideal vereis dat diegene wat besluite neem oor die regverdigbaarheid van die navorsing, deeglik is in die versameling en evaluering van inligting aangaande alle aspekte van die navorsing, en dat alternatiewe moontlikhede sistematies oorweeg word.

Ten slotte, in die evaluering van die regverdigbaarheid van die navorsing moet ten minste die volgende oorwegings in ag geneem word:

- Brutale of onmenslike behandeling van menslike deelnemers is nooit moreel geregverdig nie
- Risiko's moet verminder word tot dardie risiko's wat noodsaaklik is om die doel van die navorsing te bereik. Daar moet vasgestel word of it enigsins noodsaaklik is om menslike deelnemers te gebruik. Risiko's kan waarskynlik nooit volledig uitgeskakel word nie, maar dit kan verminger word deur die deeglike opweeging van alternatiewe procedures.
- Wanneer navorsing 'n aansienlike risiko ten opsigte van ernstige skade inhou, moet Etiese Komitees buitengewoon sterk klem plaas op die regverdiging van die risiko (waarby gewoonlik die waarskynlikheid van voordeel vir die deelnemers of, in sekere uitsonderlike gevalle, die duidelike vrywilligheid van deelname, in ag geneem word).
- Wanneer kwesbare gemeenskappe betrek word by navorsing, moet die toepaslikheid van hul betrokkenheid by die navorsing aangedui word. 'n Aantal veranderlikes is in hierdie oordeel ter sprake, insluitende die aard en graad van die risiko, die toestand van die betrokke gemeenskap of individue, en die vlak van verwagte voordele.
- Risiko's en voordele wat ter sprake is, moet duidelik aangedui word in dokumente, en procedures moet aangewend word om ingeligte instemming te verkry.
- Navorsing en die nastreef van kennis moet nooit gesien word as die hoogste doel ten koste van ander persoonlike, sosiale en kulturele waardes nie.

### 6.3. Ingeligte instemming

Respek vir persone vereis dat deelnemers, tot die mate waartoe hulle in staat is, die geleentheid gebied word om te keis wat met hulle sal of nie sal gebeur nie. Hierdie geleentheid word gebied as daar voldoen word aan bevrdigende standaarde van ingeligte toestemming. Voordat deelname aan navorsing geskied, moet 'n duidelike en regverdige ooreenkoms met deelnemers dus bereik word. Vrywaring moet ook van die deelnemers verkry word.

Daar bestaan wye konsensus dat die instemmingsproses die elemente van inligting, begrip en vrywillige deelname moet bevat.

**Inligting:** In die beoordeling van hoeveel en watter sort inligting bekend gemaak moet word, moet die volgende vasgestel word om te verseker dat gevoegsame inligting aan deelnemers verskaf word: Die navorsingsprosedure, die doel daarvan, die risiko's en verwagte voordele, alternatiewe prosedures (waar terapie ter sprake is) en 'n verklaring wat dit duidelik stel dat die deelnemer die geleentheid het om vrae te stel en om hom/haar te enige tyd aan die navorsing te onttrek. Daarby kan inligting oor hoe deelnemers geselekteer word, en besonderhede van persone verantwoordelik vir die navorsing, gevoeg word.

'n Blote lys van items beantwoord egter nie die vraag na wat die maatstaf moet wees vir die beoordeling van die hoeveelheid en die sort inligting wat verskaf moet word nie. Die maatstaf van die "redelike vrywilliger" moet gebruik word: Die omvang en aard van die inligting moet sodanig wees dat persone, al weet hulle dat die prosedure nie noodsaaklik is vir hul versorging nie, en al verstaan hulle nie alles nie, 'n verantwoorde besluit oor hul deelname aan die bevordering van kennis kon neem. Selfs wanneer die prosedure direkte voordeel vir hulle inhou, moet deelnemers die graad van die risiko en die vrywillige aard van die deelname verstaan.

'n Spesiale probleem doen homself voor waar die inlig van deelnemende partye in alle waarskynlikheid die geldigheid van die navorsing sal beïnvloed. In baie gevalle is dat voldoende om aan deelnemers aan te dui dat hulle genooi word om aan navorsing deel te neem waarvan sekere aspekte ni bekendgemaak sal word tot die navorsing voltooi is nie. In alle gevalle van navorsing met onvolledige bekendmaking, kan sulke navorsing slegs geregverdig word as dit duidelik is dat:

- onvolledige bekendmaking werklik noodsaaklik is om die doel van die navorsing te bereik;
- daar geen onvermelde risiko's vir die deelnemer is wat groter as minimal is nie, en
- daar 'n voldoende plan is vir die inlig van die deelnemers, wanneer gepas, en vir die bekendstelling van die navorsingsresultate aan hulle.

**Begrip:** Die wyse waarop en die konteks waarin die inligting oorgedra word, is

net so belangrik soos die inligting self. Byvoorbeeld, die aanbieding van die inligting op 'n gedisorganiseerde en vinnige wyse, met te min tyd toegelaat vir vrae, mag 'n negatiewe invloed hê op die persoon se vermoë om 'n ingeligte keuse te maak.

Aangesien die deelnemers se vermoë om te verstaan, 'n funksie is van intelligensie, rasionaliteit, volwassenheid en taalgebruik, is dit noodsaaklik om die aanbieding van die inligting aan te pas by die deelnemer se vermoëns. Terwyl daar altyd 'n verpligting is om te versker dat die inligting oor die risiko's vir deelnemers volledig en voldoende begryp is, word hierdie verpligting groter wanneer die risiko's ernstiger van aard is.

Spesiale voorsorg moet getref word wanneer begrip aansienlik beperk is, byvoorbeeld, in gevalle van onvolwassenheid, onmondigheid of geestelike gestremdheid. Elke klas van deelnemers wat 'n gebrek aan begrip het (byvoorbeeld babas of jong kinders, geestelike versteurde pasiënte, die terminal siek en pasiënte in 'n koma) moet in hul eie terme hanteer word. Selfs vir hierdie persone vereis respek dat hulle die geleentheid gebied word, om tot die mate waartoe hulle in staat is, te kies of hulle sal deelneem aan die navorsing al dan nie.

Respek vir persone vereis dat die toestemming van ander partye verkry moet word ten einde die deelnemers van enige skade te beskerm. Die derde partye wat gekies word, moet 'n persoon wees wat die deelnemer se situasie goed ken en in sy/haar beste belang kan en sal optree. Die persoon wat die gesag het om namens die deelnemer op te tree, moet die geleentheid gebied word om die navorsing waar te neem soos dit verloop, om sodoende in staat te wees om die deelnemer aan die navorsing te onttrek indien so 'n optrede in die deelnemer se beste belang is.

**Vrywilligheid:** 'n Ooreenkoms om deel te neem aan navorsing word beskou as 'n geldige instemming slegs as dit vrywillig gegee is. Hierdie element van ingeligte instemming vereis omstandighede vry van dwang en van oormatige beïnvloeding. Dwang vind plaas wanneer 'n dreigement van skade doelbewus deur een persoon voorgehou word om die ander persoon se instemming te verkry. Oormatige beïnvloeding vind plaas as 'n oormatige, ongemagtigde of onvanpaste vergoeding aangebied word ten einde inwilliging te verseker.

Onregverdigbare druk vind gewoonlik plaas wanneer mense in posisies van gesag of groot invloed – veral waar moontlike sanksies betrokke is – 'n skere optrede van 'n deelnemer vereis.

Die navorser moet die reg van die individu om deel te neem aan die navorsing en om hom/haar op enige stadium te onttrek, respekteer.

### **6.2.3. Keuse van deelnemers**

Net soos die beginsel van respek vir persone uitdrukking vir in die vereiste vir instemming, en die beginsel van welwillendheid in risiko/voordeel-evaluering, bring die beginsel van geregtigheid die morele vereiste na vore dat daar regverdige prosedure en uitkomst sal wees as dit by die keuse van die deelnemers aan die navorsing kom.

Geregtigheid is op twee vlakke toepaslik vir die keuse van die deelnemers: Die sosiale en die individuele. Op die *individuele* vlak word vereis dat navorsers in die seleksie van deelnemers bilikheid vertoon; dus, dat hulle nie potensieel voordelige navorsing slegs aan sekere pasiënte wat in hul guns is, aanbied nie, of “ongewenste” persone vir potensieel gevaarlike navorsing selekteer nie. Op die vlak van die *sosiale* vereis geregtigheid dat daar onderskei word tussen groepe mense wat nie aan die betrokke navorsing behoort deel te neem nie, omdat die las vir hulle te swaar sal wees, of hulle reeds oorbelaas is en groepe met wie dit nie die geval is nie, en daarom aan die navorsing behoort deel te neem. Op grond van dié oorweging behoort daar 'n voorkeur-orde te bestaan in die keuse van verskillende klasse van deelnemers (byvoorbeeld volwassenes voor kinders) en behoort sommige klasse van potensieële deelnemers (byvoorbeeld die geïnstitusioneerde geestelike versteurdes of gevangenes) slegs op grond van sekere voorwaardes, indien enigsins, as deelnemers gebruik te word.

Dit kan gebeur dat sekere groepe, soos rasgebaseerde minderheids-groepe, die ekonomies minderbevoorregtes, ernstige siek persone en geïnstitusioneerde geestelike versteurdes voortdurend geteiken word as navorsingsdeelnemers, aangesien hulle geredelik beskikbaar is in die omgewings waarin navorsing gedoen word. Gegewe hul afhanklike status en die feit dat hulle vermoë tot ingeligte instemming dikwels beperk is, moet hulle beskerm word teen die gevaar dat hulle by navorsing betrek word bloot vir die administratiewe gerief daarvan, of omdat hulle maklik manipuleerbaar is as gevolg van hul siekte of sosio-ekonomiese posisie.

#### **6.2.4. Privaatheid en vertroulikheid**

Respek vir die outonomie van hierdie deelnemers aan navorsing is die etiese basis vir die erkenning van deelnemers se reg tot privaatheid. Met privaatheid word bedoel 'n sfeer van eksklusiwiteit wat dit moontlik maak om te besluit watter private ingesteldheid, gedrag en standpunte in publieke forums bekend gemaak sal word, en watter privaat gehou en net gedeel sal word met 'n paar geselekteerde intieme kennisse, byvoorbeeld familie, vriende, regs- of gesondheidsadviseurs.

Privaatheid word hoog geag, nie alleen omdat sekere inligting beskou kan word as vernederend of op ander wyse nadelig vir die deelnemer nie, maar ook omdat privaatheid noodsaaklik is vir intieme, persoonlike en geestelike verhoudinge (dit

is, daardie verhoudinge wat soms as “heilig” beskou word).

Wanneer 'n deelnemer aan navorsing 'n navorser in sy/haar vertrouwe neem, is die navorser verplig om nie hierdie inligting met ander te deel sonder die deelnemer se toestemming nie, behalwe as daar wette in plek is om die publieke belang te beskerm (byvoorbeeld die verpligte rapportering van kindermishandeling). Vertrouensbreuk kan onherstelbare skade in die vertrouensverhouding tussen die navorser en die deelnemer, sowel as in die verhouding tot ander individue en partye veroorsaak.

Om te verstaan watter inligting deur voornemende deelnemers beskou kan word as privaar en vertroulik, is dit noodsaaklik om 'n deelnemer-georiënteerde perspektief te hê. Byvoorbeeld, 'n saak wat publiek is binne die navorser se kultuur, mag privaar wees in die voornemende deelnemer se kultuur. In sommige gevalle is die tipe navorsing sensitief (byvoorbeeld as dit betrekking het op iemand se sekuele of sielkundige geskiedenis). In ander gevalle kan selfs di bekendmaking van sekere asprekte rondom deelnemers se identiteit beskou word as die skending van privaatheid (byvoorbeeld sekere deelnemers kan dalk meer gemaklik wees met navorsers van hul eie geslag of status). In sekere gevalle kan dit die konteks van die navorsing wees (byvoorbeeld 'n outoritêre of onderdrukkende institusionele konteks, soos in lande waar polisie navorsingsdata gebruik het om teenstanders van die regering op te spoor). Die plek van navorsing (byvoorbeeld 'n kliniek vir sekuele-oordraagbare siektes) en die navorser se styl kan gesien word as potensieel ondermynende faktore van die deelnemer se privaatheid.

Daar is wydverspreide sosiale konsensus oor die reg van voornemende deelnemers tot privaatheid en die daarmee gepaargaande pligte van navorsers om sekere inligting op 'n respekvolle en vertroulike wyse te hanteer. Dit word gereflekteer in sosiale praktyke en wetgewing oor die vryheid van inligting en die beskerming van privaatheid. Navorsers moet altyd bewus wees van toepaslike wetgewing binne hul jurisduksie en moet hulself vertrou maak dat daar 'n gunstige balans bestaan tussen die deelnemer se reg op privaatheid en vertroulikheid en die navorser se strewe na kennis en voordelige navorsing.

Dit is belangrik om daarop te let dat die inligting wat in 'n navorsingsprojek versamel word, met die deelnemer aan die navorsing gedeel mag word (byvoorbeeld in die geval van die ontdekking van belangrike genetiese inligting aangaande deelnemers en hul biologiese familie) of, in gepaste omstandighede, met diegene wat in 'n professionele sorg-verhouding met die deelnemer staan (byvoorbeeld die interaksie van 'n medisyne wat ondersoek word met ander medikasie wat deur die deelnemer gebruik word). Met die nodige nadenke en sorg, kan navorsers geskikte metodes en praktyke vir die versameling, bewaring en gebruik van private data ontwikkel.

Inligting verkry uit navorsing wat die identiteit van die deelnemer mag bekend



maak, moet as vertroulik beskou word, behalwe as die deelnemer sou instem tot die bekendmaking daarvan.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie riglyn geïnterpreteer moet word in samehang met die Helsinki-Verdrag en die ICH Tripartite Guidelines for Good Clinical Practice.

## **7. DIERE WAT IN NAVORSING GEBRUIK WORD**

### **7.1 Algemene opmerkings**

Die hoofdoel van 'n eksperiment wat diere betrek, is om betroubare data te verkry waaruit wetenskaplike inligting van hoë kwaliteit verkry kan word. Diere wat aan veldtoetse en kliniese toetse onderwerp word, word onder andere hierby ingesluit. Hierdie eksperimentering met diere moet 'n duidelike en rasonele doel hê en noodsaaklik wees.

In die hantering van eksperimente met diere moet strategieë ter verfyning van die metodologie en operatiewe procedures as fundamentele verpligting toegepas word, om sodoende die aantal diere wat gebruik word te verminder en waar moontlik die gebruik van diere as geheel te vervang met 'n alternatiewe benadering of eksperimentele stelsel.

Mense betrokke by navorsing met diere het verder die verpligting om die belange van labrotoriumdiere te respekteer en waardering daarvoor te hê dat hulle sensitief is vir pyn, dat hulle angstig kan word en vrees kan ervaar as hulle sulke ervarings onthou.

Die volgende riglyne moet toegepas word om die etiese en produktiewe gebruik van diere in die biomediese, landboukundige, veeartsenykundige en biologiese wetenskappe te verseker.

### **7.2 Toepassing van die beginsels**

#### **7.2.1. Beplanning en voorbereiding**

'n Eksperiment met diere moet versigtig en wetenskaplik beplan word in ooreenstemming met die beskikbare kennis rondom die probleem wat bestudeer en die vrae wat gestel word. Dit moet so ontwerp word dat die resultate, hetsy positief of negatief, nie sal lei tot die bevraagtekening van die regverdigbaarheid van die eksperiment nie.

'n Geskrewe protokol moet aanvanklik voorberei word om 'n dokument vir goedkeuring deur die toepaslike Etiese Komitee van die Universiteit daar te stel, en waar in 'n fakulteit so bepaal word, ook deur 'n toepaslike Navorsingskomitee. Geen eksperimente of onderrig wat inbreuk maak op diere, mag 'n aanvang

neem voordat sodanige goedkeuring verkry is nie.

### **7.2.2. Keuse van eksperimentele diere**

Die seleksie van die mees gepaste dierespesie vir 'n gegewe navorsingsdoelwit is grondliggend aan suksesvolle eksperimentele ontwerp. Daar word aanbeveel dat persone wat oor kundigheid oor die biologie van labrotoriumdiere en hul gesondheids- en siekte toestande beskik, geraadpleeg word voordat 'n finale seleksie gemaak word.

Daar moet in ag geneem word dat hierdie seleksie soms nie genoeg aandag geniet nie, of onnodiglik gebaseer word op tradisie, gewoonte of irrasionele oorwegings, eerder as op wetenskaplike kriteria. Die behoefte aangedefinieerde labrotoriumdiere (dit is, diere gedefinieer in terme van gesondheid, mikrobiologiese status, genetiese eienskappe uniformiteit/ gelyksoortigheid en ander kriteria) mag toepaslikwees in die maak van hierdie seleksie. Die gebruik van in vitro biologiese sisteme en teoretiese modelleringsisteme moet om etiese, praktiese en geldelike redes oorweeg word as 'n alternatief vir die gebruik van labrotoriumdiere indien dit net sulke goeie, of selfs beter kwaliteit data kan verskaf.

### **7.2.3. Vermydning of minimalisering van ongerief, angs en pyn**

Menslikheid in diere-eksperimente het te make met die uitskakeling of vermindering tot 'n minimum, van die pyn, angs, ongemak wat veroorsaak kan word deur die eksperimentele metode wat aangewend word. Belangrik vir die uitskakeling of versagting van hierdie toestande is die vermoë om die voorkoms daarvan te voorspel en/of kliniese tekens daarvan in spesifieke spesies te lees. Die versorging van eksperimentele diere moet dus die verantwoordelikheid wees van persone wat goed gekwalifiseer is deur opleiding en ondervinding (veearts of gekwalifiseer is labrotoriumdier-tegnoloë) en wat sensitief is vir die manifestering van pyn, vrees, ongerief en angs in gebruiklike labrotoriumspesies.

Labrotoriumdiere mag nie onderwerp word aan pyn, ongerief of angs in diere-eksperimente nie, behalwe wanneer die inligting wat uit sulke eksperimente verkry word, van buitengewone belang is. In laasgenoemde geval sal 'n deeglike etiese beoordeling die deurslaggewende faktor wees.

### **7.2.4. Beperkte gebruik van labrotoriumdiere**

Diere wat reeds in 'n eksperiment gebruik is, mag nie onderwerp word aan enige verdere prosedures nie, behalwe as die eerste prosedure van 'n mindere en nie-ingrypende aard was en die gebruik in verdere projekte gesanksioneer is deur die toepaslike Etiese Komitee van die Universiteit.

### **7.2.5. Genadedood**

Genadedood is die doodmaak van diere deur metodes wat vinnige bewusteloosheid en dood sonder pyn en angs veroorsaak. Genadedood mag noodsaaklik wees aan die einde van 'n eksperiment om of van diere ontslae te raak, of om pyn en angs wat nie deur verdowingsmiddels of ander behandelings verlig kan word nie, te beëindig, of waar dit verwag kan word dat die patologiese veranderinge wat veroorsaak is deur die eksperiment, gepaard mag gaan met ernstige siekte of ingrypende fisiese veranderinge en ongeskiktheid (byvoorbeeld die groei van gewasse en die versameling van liggaamsvloeistof).

Eindpunte vir sodanige eksperimente moet vooraf vasgestel word en kriteria moet neergelê word vir die bepaling van sulke eindpunte. Navorsingsprotokolle moet riglyne bied vir die toediening van genadedood aan diere gedurende of aan die einde van eksperimente. Metodes van genadedood moet in lyn wees met dié wat in die veeartseny-praktyk gebruik word en moet in besonderhede beskryf word in die navorsingsprotokol.

Genadedood moet verpligtend wees in die geval van 'n eksperimentele prosedure wat misluk of as iets gebeur wat die geldigheid van die versameling van navorsingsdata van eksperimentele diere in die gedrang mag bring. Wanneer laasgenoemde die geval is, moet die versameling van data van die diere beëindig word om wetenskaplike sowel as etiese redes.

'n Veearts of gepas-gekwalifiseerde en geregistreerde persoon in terme van die betrokke Wet, sal die beslissende gesag hê in die besluit of 'n eksperimentele dier van die eksperiment onttrek en doodgemaak moet word.

Die seleksie van spesifieke agente en metodes vir genadedood sal afhang van die betrokke spesie en die doelwitte van die protokol. Genadedood moet uitgevoer word deur personeel wat vaardig is in die metode gepas vir die betrokke spesie. Dit moet op 'n professionele en genadige wyse uitgevoer word. Diere wat genadedood ontvang het, mag nie verwyder word voordat daar 'n noukeurige kliniese ondersoek seker gemaak is dat die dier dood is nie.

#### **7.2.6. Minimalisering van pyn, angs en ongemak**

In alle diere-eksperimente moet die kliniese versorging van diere op 'n hoë standard wees en in lyn met aanvaarde veeartsenypraktjke sodat pyn en ongerie en angs geëlimineer word of tot 'n minimum beperk kan word, of beperk kan word tot parameters wat spesifiek neergelê word deur die toepaslike Etiese Komitee.

Die versorging van labrotoriumdiere in die periode na afloop van die prosedure moet daarop gemik wees om die pyn en ongerief wat deur die eksperimentele procedures veroorsaak is, te verminder of te elimineer. Wanneer 'n eksperiment onvermybare pyn, angs en ongemak veroorsaak, moet pynstillers of ander

gepaste middels gebruik word om sulke toestande te voorkom of te verlig. In die geval van ingrypende operasie procedures is die gebruik van verdowing, soos voorgeskryf in die veeartsenypraktik, verpligtend.

Die enigste uitsondering wat op hierdie beginsel gemaak mag word, is waar sulke praktyke sou inmeng met die doelwitte en die versameling van geldige data in 'n eksperiment. Sulke uitsonderings mag slegs goedgekeur word deur die toepaslike Etiese Komitee van die Universiteit en sal onderwerp word aan indringende beoordeling en oorweging ten opsigte van die grootte van die voordele wat daaruit mag voortspruit teenoor die mate van pyn, angs en ongemak wat veroorsaak sal word.

'n Veearts of toepaslike gekwalifiseerde en geregistreerde persoon in terme van die betrokke Wet van die Parlement moet aangestel word om toesig te hou oor studies waarin daar 'n waarskynlikheid bestaan dat pyn, angs en ongerief veroorsaak kan word.

### **7.2.7. Diereversorging en- behuising**

Die kliniese versorging van diere wat in eksperimente gebruik word, moet onder die direkte beheer van 'n veearts of gepas-gekwalifiseerde en geregistreerde persoon in terme van die betrokke Wet van die Parlement wees en geïmplimenteer word deur 'n gekwalifiseerde en geregistreerde labrotoriumdiertegnoloog of veeartsnykunde verpleegster.

Boedery met diere moet op 'n hoë standard wees en die behoeftes van die diere aan water, voedsel, sanitasie, slaapplek en vullisverwydering en die beheer van siektes moet in ag geneem word. Diere moet daagliks versorg word deur 'n gekwalifiseerde persoon, insluitende oor naweke en vakansies, om hul welsy te verseker en te voldoen aan navorsingsvereistes. Noodveeartsenydienste moet beskikbaar wees na werksure, oor naweke en vakansies. In 'n noodgeval moet sekuriteitspersoneel diegene verantwoordelik vir die versorging van die diere kan kontak.

Sorg moet gedra word om siekte, besering, oorbevolking en stresfaktore uit te skakel en om diere te beskerm teen besmetting met ekto- en endoparasiete. Omgewingsomstandighede in hokke of diere-kamers moet binne die parameters gespesifiseer word. Oorweging moet ook geskenk word aan die diere se sosiale behoeftes in terme van fisiese kontak en kommunikasie deur visuele, ouditiwe en reukseine. Waar van toepassing, moet diere in sosiale groepe aangehou word.

### **7.2.8. Opleiding en onderrig**

Dit is die verantwoordelikheid van die hoof van die akademiese afdeling waarin die navorsing op diere gedoen word, om te verseker dat die persone wat diere-

eksperimente doen, goed gekwalifiseer is daarvoor. Dit vereis dat sulke persone formele opleiding ontvang in die labrotorium versorging van diere en ook, waar nodig, die program gebruik wat deur die Universiteit aangebied word vir die onderrig- en navorsingspersoneel.

### **7.2.9. Wetlike verpligtinge**

Dit is verpligtend vir alle gebruikers van labrotoriumdiere om kennis te neem van die Statute en Provinsiale Ordonnansies wat toepaslik is vir die gebruik van mak en wilde diere, en om daaraan te voldoen. Dit sluit in:

- Die Dierebeskermingswet (Wet No 71 van 1962)
- Die Dieresiektewet (Wet No 35 van 1984)
- Die Nasionale Parkewet (Wet No 57 van 1976)
- Die Natuurbewaringsordonnansies van die provinsies van die RSA
- Die Konvensie vir Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES)

### **7.2.10. Publieke beleidsverklarings ten opsigte van die gebruik van labrototiumdiere**

Beginsels vir die versorging en gebruik van diere in toetse, navorsing en opleiding is neergelê deur verskeie nasionale en buitelandse publieke liggame. Hierdie verklaring verskaf gedetailleerde inligtinge oor die standarde van diereaanhouding, versorging en gebruik.

Die Universiteit van Pretotria erken en ondersteun die volgende belangrike publike beleidsverklarings:

- *Die Nasionale Kode vir die Hantering en Gebruik van Diere in Navorsing, Onderrig, Diagnose en Toetsing van Medisyne en ander Verwante Substansies in Suid-Afrika*, Departement van Landbou, Julie 1990
- *Riglyne vir die Etiek vir Mediese Navorsing*, Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad, 1993
- *Riglyne vir die versorging en Gebruik van Labrotoriumdiere*, Britse Nasionale Akademie vir Wetenskap, 1996
- *Helsinki-Ooreenkoms ten opsigte van proefdiernavorsing*, 1989